DOBBEL PROBLEEM ?

?? Het jy al gereeld langer gedobbel as wat jy beplan het?

?? Het dit al gebeur dat jy gedobbel het totdat jou laaste Rand op is?

?? Het gedagtes van dobbel jou al slapelose nagte besorg?

?? Het jy al rekeninge onbetaald gelos en jou salaris en spaargeld gebruik om te gaan dobbel?

?? Het jy al veelvuldige kere probeer om op te hou dobbel, maar met geen sukses nie?

?? Het jy al enige wetgewing gebreek of oorweeg om wetgewing te breek met die doel om finansiering te verkry sodat jy kan dobbel?

?? Het jy al geld geleen om te gaan dobbel?

?? Het jy al depresief geraak of selfmoord nygings gehad as gevolg van jou dobbel verliese?

?? Het jy al skuldig gevoel nadat jy gedobbel het?

?? Het jy al gedobbel om te verseker dat jy al jou finansiële verpligtinge na te kom?

AS JY JA GEANTWOORD HET OP EEN OF MEER VAN DIE BOGENOEMDE VRAE, MAG JY DALK N DOBBEL PROBLEEM HÊ.

INDIEN WEL, HET JY AL DIE VOLGENDE IN AG GENEEM —

?? Om die National Responsible Gambling Programme se **24-uur tolvrye hulplyn nommer (0800 006 008)** te skakel waar opgeleide voorligters jou kan probeer help of jou verwys vir vrye sessies by n opgeleide voorligter in jou area, wat befonds word deur die dobbel industrie?

?? Om die casino, totalisator of beroepswedder waar jy dobbel te vra om jou uit te sluit sodat jy nie daar kan dobbel nie?

?? Deur die Oos-Kaapse Dobbelraad te vra om alle lisensiehouers in die Oos Kaap instruksies te gee om jou by alle gelisensieërde dobbel persele te belet en/of om die Oos-Kaapse Dobbelraad te vra om ‘n afskrif van jou aansoek om belet te word by alle gelisensieërde dobbel persele sodat jy nie kan dobbel nie, verniet aan ander

Provinsiale Dobbelrade te verskaf sodat hulle jou ook in hulle jurisdiksies sal belet, om te dobbel indien jou aansoek form dit aandui?

ALHOEWEL LISENSIEHOUERS ALLE REDELIKE STAPPE SAL NEEM OM JOU TE BELET OP HULLE PERSELE SAL DIE PRIMÊRE VERANTWOORDELIKHEID OP JOU BERUS OM NIE TE GAAN DOBBEL NIE.

INDIEN JOU MAN, VROU, 'N OUER OF IEMAND WAT JY KEN —

?? Gereeld dobbel met geld wat hulle nie kan bekostig om te verloor nie en as gevolg daarvan ly hulle onafhanklikes deur nie voedsel of behuising te kan verkry nie; of

?? Wat 'n patalogiese dobbel afhanklikheid het; of

?? Kinders wat onder 10 jaar oud is vir onredelike tydperke alleen en sonder toesig los, as gevolg van hulle dobbel bedrywighede,

Kan jy aansoek doen by die Oos-Kaapse Dobbelraad om die persoon van alle gelisensieërde dobbel persele te belet in die Oos-Kaap.

'N PAAR RUGLEINE OM PROBLEEM DOBBEL TE VERMY

?? Besluit vooruit hoeveel geld jy bereid is om te spandeer. Hou by jou besluit.

?? Moet nie jou verliese probeer terug wen nie, dit mag dalk net meer word.

?? Wees bewus van hoeveel keer jy dobbel en vir hoe lank jy dobbel.

?? Wanneer jy wen moet jy nou en dan 'n blaaskansie neem. Dink wanneer dit die regte en slim tyd is om op te hou speel.

?? Onthou dat dobbel daar is vir vermaaklikheid. Dit is nie 'n manier om gou ryk te word of om al jou rekeninge af te betaal nie.

?? Onthou dat dobbel 'n spel van geluk is. Daar is geen metode, formule of doepa wat sukses sal waarborg nie.

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

Die Oos-Kaapse Dobbelraad
ECGBB Gebou
Quenera Park
Quenera Drive
Beaconbaai
OOS-LONDEN
Telefoon: (043) 702 8300
Faksimilie: (043) 748 2218
E-pos: nwabisam@ecgbb.co.za
Webwerf: www.ecgbb.co.za